

HOOFSTUK VI

VRYWILLIGE GESAMENTLIKE SENSUUR

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die poginge van individuele koerante en koerantmanne om ^{interne} staatsensuur op die ^{toe te pas uiteenlopende} Suid-Afrikaanse pers as geheel onmoontlik te maak, nie afdoende slaag nie en dat, na mate die internasionale toestand moeiliker word, die neiging by die staat eerder gaan toe- as afneem vir sover dit die toepassing van sensuur ter versekering van die staatsveiligheid in die besonder betref. In hierdie stadium moet die vraag dan gestel word of, indien koerante individueel nie die gewenste mikpunt bereik nie, die pers as geheel ~~nie~~ sodanig kan saamwerk dat skadelike berigte tot die bevreemding van die owerheid in die openbare pers uitgeskakel kan word ~~nie~~. [Hier moet darem eers uit gesê word dat die owerheid sal bereid.]

In die Westerse wêreld het die pers in geen vrye land nog in die verlede instemming met ingrypende staatsensuur betuig nie, behalwe in krisistye soos oorlog, wanneer koerante, tydskrifte en ander kommunikasiemedie staatsensuur as n onvermydelike ewel aanvaar. Sedert vroeg in die twintigste eeu het die pers in verskeie lande egter daartoe oorgegaan om een of ander stelsel van gesamentlike sensuur in te stel in n poging om staatsensuur daardeur te ontwyk of tot n minimum te beperk. Die Suid-Afrikaanse pers verkies hierdie weg en het reeds in die dertiger jare eerste stappe gedoen om in hierdie rigting te begin beweeg.

Die boustone van die moderne massakoerant, ontwikkel sedert die laaste kwart van die vorige eeu, was sensasie, seks en vulgariteit. (1) Die pers se eie reaksie op die uitspattighede van sommige van sy lede het nie lank uitgebly nie en sogenaamde etiese of gedragskodes vir die pers het al vroeg in die twintigste eeu hul verskyning begin maak. Eerste was Swede, 1916; (2) daarop volg die kode van die Federation Internationale des Journalistes, bedoel om te voorkom dat valse berigte in die buiteland versprei word en, waar sodanige berigte wel gepubliseer is, die herroeping daarvan te bewerkstellig; (3) Denemarke (1928); Ne-

(1) Vergelyk Mott, F.L., American Journalism, p. 666-673; Emery, E., The Press and America, p. 415-490. Emery haal op p. 424 n aantal opskrifte aan uit William Randolph Hearst se Journal (1896), waaronder: „Real American monsters and dragons”; „Henry James new novel of immorality and crime”; „One mad blow kills child”; „Startling confession of a wholesale murderer who begs to be hanged”; „Strange things women do for love.”

(2) Sington, C., Freedom of Communication, p. 73.

(3) DeVolder, N., De etiek van de pers, p. 193.

(1) Die Koning v al massasirkulasiekoerants is Sketch? is publik. die Engelman Hugh Budhippe in London Daily is be Dammed. Hy is nêrens gestuur nie.

derland (1948); Brittanje (1953).⁽⁴⁾ Onder die bekendste van hierdie kodes is die Amerikaanse Canons of Journalism (1923)⁽⁵⁾ en die National Conference of Editorial Writers se eie kode, aanvaar in 1949.⁽⁶⁾

Suid-Afrika se eerste eie kode dateer uit die jaar 1939 en was 'n uitvloei-
sel van genl. J.B.M. Hertzog se destydse ongeduld met sekere koerante.⁽⁷⁾ Die
kode wat van 14 tot 16 Augustus deur 'n aantal redakteurs opgestel is, het eg-
ter geen betekenisvolle invloed op die Suid-Afrikaanse pers uitgeoefen nie,
aangesien dit reeds in 1940 deur die Regering se Oorlogsmaatreëls ondervang
is. Dit het gelui:⁽⁸⁾

- „1. Die pers sal in sy besprekinge van openbare sake, hetsy binnelandse of
buitelandse, nie skeldtaal of beledigende taal gebruik nie; dié artikel
ontneem die pers egter nie sy reg om nuus te publiseer wat uit betroubare
bronne verkry is aangaande die dade, beleid en sake van state of hul
leiers nie, of om enige sodanige dade, beleid of sake te kritiseer nie;
- „2. Die pers sal hom onthou aan die opsetlike verdraaiing van feite in nuus en
verslae;
- „3. Die pers sal hom onthou aan 'n oormaat van nuus aangaande geslagsaangeleent-
hede verkry uit die geregshoue en ander bronne;
- „4. Die pers beskou dit nie as eties om feite rakende die private lewe en be-
lange van individue te publiseer nie, tensy publikasie daarvan in die open-
bare belang is; en
- „5. Dit is nie eties om publikasie te weier van 'n antwoord bo die naamtekening
van 'n gegriefde persoon of liggaam, indien sodanige antwoord ter sake is en
handel oor feite omtrent die gegriefde persoon of liggaam wat in die betrok-
ke nuusblad verskyn het nie."

Die eerste stappe in Suid-Afrika ná die Tweede Wêreldoorlog wat tot die uit-
eindelike instelling van vrywillige gesamentlike perssensuur sou lei, is nie
deur die pers self gedoen nie, maar deur Volksraadslede. Aangevuur deur die be-
sluit van die Britse Arbeidersparty in 1945 om 'n parlementêre ondersoek na die

(4) Singleton, C., p. 73; Persverwysingsraad, Eerste Periodieke Verslag, p. 11.

(5) Emery, E., p. 733.

(6) Ibid, p. 734; vergelyk ook Gerald, J.E., The social responsibility of the
press, p. 150 e.v.

(7) Du Plessis, J.H.O., Die Afrikaanse pers, p. 253 e.v.

(8) Ibid, p. 256, 257.

werkinge van die Britse pers in te stel,⁽⁹⁾ het dr. Bernard Friedman, tans lid van die Progressiewe Party, maar destyds nog lid van die Verenigde Party, in 1948 in die Volksraad voorgestel dat 'n Gekose Komitee die beheer oor die Suid-Afrikaanse Persantwese ondersoek.⁽¹⁰⁾ In Januarie 1950 het dr. A.J.R. van Rhijn, destyds L.V. vir Bethlehem en voormalige redakteur van Die Volksblad, met 'n omtrenter voorstel gekom, naamlik dat 'n kommissie van ondersoek onder die voorsitterskap van 'n regter aangewys word om 'n ondersoek na die Suid-Afrikaanse pers in te stel.⁽¹¹⁾ Hierdie kommissie is in November 1950 deur die destydse Goewerneur-generaal, mnr. G. Brand van Zyl, aangestel.⁽¹²⁾

In die hoogste perskringe het ook onrus gebroei, onrus wat na alle waarskynlikheid verskerp is deur die vrees dat die Perskommissie bes moontlik een of ander vorm van staatsensuur kon aanbeveel. Mnr. Alan MacIntosh, president van die Nuusblad-Persunie in 1964, het in die voorwoord tot die Eerste Periodieke Verslag van die Persverwysingsraad verklaar:⁽¹³⁾

„Die begrip van 'n soort vrywillige organisasie, ontwerp om as waghond oor die pers op te tree, is niks nuuts nie. Persrade onder een of ander naam en in een of ander vorm is reeds baie jare lank in verskeie lande bekend, veral in Swede en die Verenigde Koninkryk. Die ingewikkelde aard van ons politieke en rasseprobleme in Suid-Afrika het die redakteurs van ons koerante en ons politieke leiers met steeds toenemende probleme te kampe laat kry, en dit was om hierdie einste redes dat sekere Suid-Afrikaanse koerantmanne besluit het dat een of ander soort vrywillige organisasie wel mag dien as 'n veiligheidsklep vir politici en manne in die openbare lewe, terwyl dit terselfdertyd mag dien as 'n beskerm vir en beheer oor koerante.

„Op die voorpunt van diegene wat sodanige mening toegadaan was, was wyle mnr. D.H. Ollemans, wat ten tye van sy afsterwe in Mei 1963 voorsitter en besturende direkteur van die Argus Printing & Publishing Company Limited was. Mnr. Ollemans het aanvaar dat persvryheid fundamenteel was vir die bestaan van 'n demokratiese staat en tegelykertyd erken dat persvryheid die koerante nie onbeperkte vryheid verleen om vrystelling van die wette van die land te eis nie. Mnr.

(9) Taylor, H.A., The British Press, p. 73 e.v. Sekere sosialistiese oudjoernaliste in die Britse Laerhuis was naamlik veral bedug op ongesonde monopolievorming binne die Britse pers.

(10) Hansard, Band 63, kol. 2116.

(11) Hansard, Band 70, kol. 422.

(12) Proklamasie 278, Staatskoerant, 17/11/50.

(13) Eerste Periodieke Verslag, p. 5, 6.

Ollemans en diegene wat hom gesteun het, het geglo dat die voortbestaan van 'n vrye pers die beste verseker kon word deur die aanvaarding deur koeranteienaars, redakteurs en joernaliste van die hoogste waarheidsstandaarde, objektiwiteit en politieke bewustheid in die bestuur van hulle koerante.

„Dit was ter bevordering van hierdie oortuiging dat mnr. Ollemans in 1951 met 'n voorstel gekom het dat 'n soort van vrywillige persraad in Suid-Afrika in die lewe geroep moet word. Hy het weinig onmiddellike steun vir sy idees gevind, maar hy het volhard om hulle onder sy ampsgenote te propageer totdat hy in 1955 gemeen het dat hy voldoende ondersteuning gevind het om die eerste besliste stappe te doen tot die skepping van 'n persraad. Gedurende daardie jaar is twee informele vergaderings gehou wat bygewoon is deur verteenwoordigers van feitlik elke dag- en Sondagblad en deur verskeie redakteurs.

„Lang en openhartige besprekings het gevolg op die vrae: (a) bestaan daar 'n vorm van vrywillige persraad wat, indien in die lewe geroep, die koerante en land tot nut sou dien en (b), indien wel, was dit die aangewese tyd om sodanige raad saam te stel of sou dit verstandig wees om die verslag af te wag van die kommissie van ondersoek in sake die pers wat in 1950 aangestel is en wat toe te eniger tyd verwag kon word.

„Tegelykertyd is voorgestel dat 'n vrywillige liggaam saamgestel word verteenwoordigende die redakteurs van die daaglikse, weeklikse en Sondagkoerante met die doel om persvryheid te beskerm en 'n gemeenskaplike terrein te vind vir die bespreking deur redakteurs van hoofsaaklik redaksionele aangeleenthede.....

„Die vergaderings gehou in 1955 het geen besluit opgelewer nie; dit was algemeen die mening dat enige stappe wat gedoen moet word, die verslag van die Perskommissie moet afwag. Nietemin, die saad was gesaai en in die jare wat gevolg het, het die leiers van die Suid-Afrikaanse pers meer en meer daaraan gedink om weer eens oorweging te skenk aan die skepping van 'n persraad. Met daardie doel is 'n gedragskode en 'n raamwerk van die reëlinge vir die naleef daarvan opgestel deur mnr. Ollemans en gestuur aan en bespreek met sommige van sy vernameamste ampsgenote van die Persunie.”

Uit hierdie lang aanhaling blyk duidelik hoe stadig die Suid-Afrikaanse persbase en redakteurs vir die instelling van gesamentlike interne sensuur ryp geword het, want eers teen die einde van 1961, d.w.s. sowat 'n jaar voor die verskyning van die eerste verslag van die Perskommissie, is vasgestel dat daar voldoende steun vir die instelling van 'n gedragskode gekom het.⁽¹⁴⁾

Op 12 en 13 Maart 1962 is onder voorsitterskap van mnr. Marius Jooste 'n

(14) Ibid, p. 6.

buitengewone vergadering van verteenwoordigers en redakteurs van die vernaamste dag-, week- en Sondagblaaië, verteenwoordigers van plattelandse koerante en van verbruikers- en handelstydskrifte, asook lede van die S.A. Joernalistevereniging belê.⁽¹⁵⁾

Insiggewend in hierdie verband is die opmerking van mnr. MacIntosh: „Redakteurs en joernaliste het aktief deelgeneem aan die besprekings wat gevolg het. Die Society of Journalists het sterk en tot in besonderhede beswaar gemaak teen die voorgestelde gedragskode en verwysingsraad.”⁽¹⁶⁾ Op hierdie aspek van die vraagstuk word later teruggekom.

Ook van betekenis is die tweede laaste paragraaf van mnr. MacIntosh se voorwoord: „Ek moet meld dat die stigting van hierdie vrywillige organisasie hoegenaamd nie so eenvoudig of so maklik was as wat hierdie uiteensetting te kenne mag gee nie. Daar was vele moelikhede om te oorwin, vele verdenkinge om te begryp en tegemoet te kom en, soos altyd in ons land, kompromisse om te maak en te aanvaar.”⁽¹⁷⁾

In sy voorrede tot die verslag verwys die voorsitter, voormalige regterpresident Heinrich de Villiers, soos volg na die stigtingsmotief:⁽¹⁸⁾ „Daar is beweer dat die daarstelling deur die Persunie van ’n persverwysingsraad na wie beweerde oortredings van ’n gedragskode verwys kon word, op hom afgedwing is deur die bedreiging van staatsbeheer oor die pers. Dit gaan my nie aan watter waarheid in laasgenoemde aantyging steek nie, maar myns insiens mag beheer oor die pers, anders as deur vrywillige steun aan ’n kode van etiese gedrag en vrywillige onderwerping aan ’n ,ereraad’ wel die einde beteken van die vryheid van die pers, of ’n noodlottige beperking daarvan.”

Verset van Joernaliste:

Dit is belangrik dat die presiese aard en draagwydte van die besware van die Joernalistevereniging, sekere redakteurs en sommige van die persbase nader bepaal word, aangesien hierdie besware op die duur ’n ernstige uitwerking op die uitvoering van die gedragskode gehad het. As die minder verantwoordelike briewe van joernaliste aan die koerante buite rekening gelaat word, dien die amptelike verklaring van mnr. C.L. Eprile, toenmalige voorsitter van die S.A. Society of Journalists, as afdoende bewys van die verset van hierdie liggaam. Hy het op 13 Maart 1962 ’n verklaring namens sy vereniging uitgereik⁽¹⁹⁾ waarin

(15) Ibid, p. 7.

(16) Ibid.

(17) Ibid, p. 7.

(18) Ibid, p. 10.

(19) Vergelyk Rand Daily Mail en Cape Times, 14/3/62.

onder meer verklaar word: „In October a special congress of the Society un=animously rejected any form of Press control. In particular it rejected any form of censorship dictated by political considerations.....I want to make it clear that as responsible journalists we have no quarrel with certain of the principles expressed in the code. It has never been the desire or inten=ation of the S.A.S.J. to defend wilful misrepresentation of fact or the delibe=rate purveying of pornography.....We champion the freedom of the Press, not license. We reiterate our belief that the code is unnecessary and undesirable. It is unnecessary because there is nothing basically unhealthy in the South African Press and its standards of journalism; and because adequate safeguards already exist to maintain these standards and protect the people of this coun=try against improper journalism. These safeguards are: the laws of the land; the normal and timehonoured machinery of discipline in newspaper organisation; the integrity of editors and other journalists; the competitive nature of the newspaper industry, and the force of public opinion. It is undesirable because we see the inception of the Board and the Code (with its unmistakable politi=cal emphasis) as a response to political pressure. We see it as a suggested 'lesser of two evils' - a means of staving off the threat of State censor=ship.....We are particularly unhappy about the clauses in the Code which, in our opinion, are capable of being used to inhibit free political comment - even if such inhibition is not the intention of the draughtsmen....."

Dit is nie die voorneme om in hierdie stadium die standpunte van Eprile nader te ontleed nie, maar dit is noodsaaklik om daarop te wys dat deel van die koeranteienaars en ook sekere redakteurs van dieselfde oortuiging was. Die di=reksie van die S.A. Associated Newspapers, tweede grootste koerantmaatskappy in die land, het op 8 Februarie 1963 die volgende verklaring⁽²⁰⁾ laat publiseer:

„While the concept of selfdiscipline by the Press is acceptable, the Board believes that political pressure has given rise to the establishment of the Board of Reference, particularly as Clause 3(d) of the Code has political im=plications. However, the Board of the S.A.Associated Newspapers Limited con=siders that it would not be in the interest of the newspaper industry as a whole for the Company to dissociate itself from the Board of Reference, and it has therefore decided to accept the Code and the jurisdiction of the Board, but under protest. It has been influenced in its decision by the right conferred by Clause 6 of the Constitution to withdraw by notice to the Newspaper Press Union if, at a later stage, it considers it necessary to do so. It also be=

(20) Rand Daily Mail, 8/2/63.

believes that its newspapers have nothing to fear from the administration of the Code by the members of the Board."

Aan die voet van hierdie verklaring verskyn die volgende kort paragraaf: "The Newspaper Press Union is an organisation of newspaper proprietors only. In view of his known objections to the Press Board of Reference, as expressed in several leading articles, the Editor of 'The Rand Daily Mail' reserves his position to the Board of Reference."

In een van hierdie hoofartikels⁽²¹⁾ stel hierdie redakteur hom op 'n standpunt presies teenoor dié van mnr. Alan MacIntosh, wat hierbo aangehaal is. In die hoofartikel word verklaar: „Our misgivings stem from these facts: there has been no pressure from the general newspaper-reading public for a Press Council and no representations have, to the best of our knowledge, been made to the Newspaper Press Union by individuals or organised bodies. Nor has the initiative come from the profession itself. Indeed, the anomalous position arises in which there is to be a professional code of conduct which was not drawn up by members of the profession and which is bitterly opposed by the only recognised body representing journalists. What, then, is the motive behind the new scheme? Let us not beat about the bush - it is political pressure. One only has to recall the statement made in Parliament by the Prime Minister last April to understand the nature and extent of this pressure from the highest quarters. He complained specifically about political comment ('I am not sure that we have been wise in allowing such malignant comment all these years') and he expressed the hope that the Press would apply some form of self-discipline, saying the Government might 'be forced to take steps if South Africa is harmed by what goes beyond the exercise of freedom.' "

Uit die verklaring van Eprile en die redakteur van die Rand Daily Mail se hoofartikels is dit baie duidelik dat „vryheid" van politieke kommentaar die eintlike struikelblok tot aanvaarding van die kode was. In die hierbo vermelde hoofartikel word trouens gesê: „Accordingly, what might otherwise have been an innocuous code (generally speaking, the clauses add up to an elaborate exercise in the obvious) contains a sting in the tail - the so-called 'political clause' which reads 'While the Press retains its traditional right of criticism, comment should take cognisance of the complex racial problems of South Africa, the general good and safety of the country and its peoples.' "

Presies wat alles onder hierdie redakteur se opvattinge oor kommentaarvry-

(21) Ibid, 14/3/62.

*This is already done by law, eg. Notorious
Assembly Act; opening - see was teen in ander; Public
Safety Act*

heid val, is moeilik bepaalbaar, maar 'n aanhaling uit 'n ander hoofartikel⁽²²⁾ 'n jaar ná Rivonia kan miskien as aanduiding geld. Hierdie hoofartikel sluit soos volg af:

„How far we in this country have already moved away from Western concepts of freedom of expression is well illustrated in the recent presidential address of Mr. William Rees-Mogg to the annual conference of the British Institute of Journalists. He said that the right of free speech embraced much more than criticism that was just and accurate. It also 'concerned the right of second-rate journalists who have got the thing wrong to make sincere criticisms which are going to cause deep offence to worthy citizens.' A British M.P. has put the matter still more crisply. As he explains: 'The only freedom of speech worth having is the freedom to speak things that run wholly counter to the spirit of the times.'

„South Africa has come to the stage where it can no longer understand the true meaning of democracy summed up in these words.”

Hierdie betuiging van instemming met sekere ekstremisties-liberale opvattinge wat in Brittanje gehuldig word, het van die Rand Daily Mail gekom enkele jare ná Sharpeville, 'n jaar ná Rivonia en 'n jaar nadat die volgende vlugskrif deur die African National Congress aan blankes gepos is:⁽²³⁾

„Luister, witman! Vyf blankes is in die Transkei vermoor, 'n ander doodgekap by Langa.....Sabotasie kom elke week oor die hele land voor - nou hier, dan daar. Die witmense word paniekerig. Teen hierdie tempo sal Suid-Afrika binne 'n jaar of twee vasgevang wees in 'n bloediger, heftiger Algerynse oorlog.”

Vir sover dit die pers self betref, was die interne tweespalt teen hierdie tyd nie meer te verberg nie. Terwyl die grootste deel van die pers blykbaar heeltemal geneë was om matige eie persbeheer te aanvaar, was ten minste een belangrike redakteur, mnr. L. Gandar, en die Joernalistevereniging teen alle beheer gekant, en wel vanweë die laaste bepaling van die kode wat gematigheid met betrekking tot beriggewing en kommentaar t.o.v. ras- en kleursake op die oog het.

Betekenis van Artikel 3(d):

Dit was dan ook die toepassing van hierdie artikel wat laat blyk het dat die Suid-Afrikaanse pers nog nie in staat is om in daardie mate teen eie lede op te tree dat sowel die pers self as die landsowerheid gerus gestel kan word

(22) Ibid, 21/9/64.

(23) Strydom. L., Rivonia - Masker af!, p. 11.

nie. Die eerste groot toets wat aan die Persverwysingsraad gestel is, het soos volg verloop:

’n Artikel van mnr. Horace Flather, oud-redakteur van The Star, wat op 2 en 3 Junie 1963 in The Natal Daily News, The Star en The Cape Argus verskyn het,⁽²⁴⁾ het die soeklig van sowel die pers as die Persverwysingsraad op die vertolking van art. 3(d) laat val.

In sy artikel het die skrywer onder meer beweer: „Most of us, I think, want order, many want justice, a few would prefer disorder to injustice. Not all of us are agreed on what is just and unjust. I believe that at least half the White people in South Africa feel that many of our laws are cruel and oppressive, and a violation of the elementary principles of civilized human behaviour. Even those few enlightened people who believe that there is the germ of a solution to our racial problem in the creation of Bantu 'homelands' are sickened and horrified at the callous proposals to bulldoze thousands of inoffensive non-Europeans from homes that are their rightful heritage and sweep them like the dust of the earth into barren, inhospitable areas. As for the rabid majority, it is difficult to recall, in the past fifteen years, a single enactment by their representatives in which the interests of the non-Europeans were the primary consideration. And at the very moment when its provisions are sweeping like poison into the minds and hearts of the urban Bantu, out comes the ukase that in the Transvaal whole communities of Indians are to be arbitrarily extruded from areas where they lived harmlessly and peacefully for generations, and thrust into the outer darkness.”

’n Klag van mnr. J.A. Marais, L.V., na aanleiding van hierdie artikel is op 21 November 1963 in Kaapstad deur die Persverwysingsraad oorweeg.⁽²⁵⁾ Mnr. Marais het aangevoer dat feitelike foute in die artikel begaan is en dat dit o.m. met art. 3(d) van die Gedragskode in botsing kom. Die Verwysingsraad het egter met meerderheidstem bevind dat die artikel bloot die uitdrukking van mening is en dat die skrywer nie die letterlike aanwending van ’n stootskraeper bedoel het om duisende nie-blankes „like the dust of the earth into barren, inhospitable areas” te stoot nie. „It was a turn of phrase to express an opinion honestly held.” Oor die woordkeuse het die Verwysingsraad bevind: „Both passages could be regarded by some as an example of the use of linguistic hyperbole for the sake of effect but these statements nevertheless reflect the position as it is.” Die Verwysingsraad se beslissing lui ten slotte: „Although

(24) Natal Daily News, 25/11/63.

(25) Cape Times, 26/11/63.

the article is couched in strong and emphatic language, it has not been shown that it contains misstatements of fact and the Board agrees with the contention that it is an honest expression of opinion free from malice and not actuated by dishonest motives.....

„At the same time it thinks that editors will be well-advised to heed the restriction envisaged in that clause (art. 3(d)) when racial problems are dealt with in their columns."

Hierdie bevinding het in wye kring teleurgestel. Art. 3(d) is spesifiek ingevoeg om wilde beriggewing en kommentaar wat tot vertroebeling van rassebetrekkinge kan lei, te ontmoedig, maar het in die eerste drie, vier jaar van die bestaan van die Gedragskode weinig uiterlike welslae behaal. Die oordeel van mnr. P.A. Weber, ~~onlangs afgetrede~~^{vroeg} hoofredakteur van Die Burger, is in hierdie opsig van waarde. (26) In 'n toespraak op Stellenbosch het mnr. Weber o.m. gesê: „Met die opstel en invoeging van hierdie artikel het ek te doen gehad, en ek dink ek kan sê dat sonder hierdie artikel geen Gedragskode of Persverwysingsraad tot stand sou gekom het nie. Sommige van ons in die S.A. Persunie het gehoop dat die Persverwysingsraad in die loop van die tyd die artikel só sou vertolk en toepas dat opswepende beriggewing en buitensporige kommentaar wat rassevyandskap kan aanwakker, kortgevat sou word. Die bevinding in die klagte teen die Sunday Express oor 'n artikel So this is peace van Julius Lewin het daardie hoop versterk. Die Raad het bevind die artikel ,bevat sowel oordrywing as onbillike kommentaar en dat die koerant gefaal het in sy plig om hierdie skendings van die Gedragskode te vermy.' Maar in 'n ander soortgelyke geval, 'n klagte van mnr. J.A. Marais, L.V., oor 'n artikel van mnr. Horace Flather in drie koerante van die Argus-groep het die Raad ten gunste van die koerante besluit.....

„Die Persverwysingsraad het besluit, en heel tereg, dat art. 3(d) van die Gedragskode nie bedoel is om alle kritiek van die Regering se rassebeleid te smoor nie, maar daarna met meerderheidstem besluit dat die artikel van Horace Flather art. 3(d) in elk geval nie verbreek nie. Self voel ek as een van die opstellers van art. 3(d) dat die bedoeling van die artikel juis was om buitensporigheid soos in die (voorheen) aangehaalde paragraaf sterk teen te gaan, en ek wil herhaal dat sonder art. 3(d) daar geen Gedragskode tot stand sou gekom het nie.

„Maar anders as sommige ander mense voel ek nie dat die Persverwysingsraad

(26) Die Burger, 7/8/64.

en die Gedragskode nou maar op die ashoop moet kom nie. 'n Mens agiteer nie dadelik vir die afskaffing van 'n hof as een beslissing, waarmee al die regters boonop nie saamgestem het nie, teen jou gaan nie."

Mnr. Weber beklemtoon in hierdie verband 'n belangrike probleem by die toepassing van 'n vrywillige kode, nl. die onsekerheid binne die pers self oor wat ware (akkurate) beriggewing en (in die omstandighede van Suid-Afrika) billike kommentaar is. Dit val op dat nóg in die Grondwet nóg in die Gedragskode 'n posiging aangewend word om hierdie twee begrippe behoorlik te omskryf. Dit skyn dus - ook deur die benoeming van 'n regter tot voorsitter van die Verwysingsraad - dat die N.P.U. van mening was dat die gangbare juridiese beskouing oor wat akkurate beriggewing en billike kommentaar is, die deurslag moet gee. Die hof vereis naamlik nie dat 'n berig (verklaring) in sy geheel die waarheid moet wees nie, net dat die geheelindruk wat die verklaring (berig) wek, waar moet wees. (27)

Die howe se opvatting oor redelike (billike) kommentaar is nog rekbaarder: die gangbare opvatting is naamlik dat kommentaar nie ophou om redelik te wees wanneer dit buitensporig, oordrewe of bevooroordeeld is nie. (28)

Redelike kommentaar beteken, vir sover dit die howe betref, 'n eerlike kommentaar, d.w.s. 'n weergawe van die kritikus se eerlike mening. Daarby word egter ook verwag dat die kommentaar relevant moet wees. Hierdie vertolking is klaarblyklik in die Flather-saak nagevolg.

Maar vir sover dit die Gedragskode betref, kom juis buitensporigheid, oordreweheid en bevooroordeeldheid in die spel: dit is per slot van rekening die drie dinge wat art. 3(d) van die Gedragskode wou uitskakel. Daarom het die bevinding in breë kring teleurgestel en ongetwyfeld die uitwerking gehad om vertroue in die Perskode en Verwysingsraad te ondermyn. By die owerheid moes dit noodwendig die opvatting versterk dat staatsoptrede uiteindelik tog noodsaaklik kan word.

Verdagte Beriggewing:

As die Flather-saak in wye kring twyfel laat ontstaan het oor die vraag of die Gedragskode en die Persverwysingsraad soos oorspronklik saamgestel, beïndruigend rem kan aandraai wanneer dit op buitensporige kommentaar aankom, sou 'n tweede saak volg waarin die vermoë van die Raad om beweerde onjuisthede in beriggewing teen te werk, tot die uiterste getoets sou word. Dit was die Sunday

(27) McKerron, R.G., The law of delict, p. 183; Van der Merwe, N.J., en Olivier, P.J., Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg, p. 246.

(28) McKerron, R.G., p. 190.

Times-saak, die uitvloeisel van 'n aanklag wat mnr. Jack Steyl, hoofsekretaris van die Nasionale Party in Transvaal, by die Persverwysingsraad aanhangig gemaak het na aanleiding van 'n politieke berig wat in die blad verskyn het. Die verrigtinge wat oor sowat anderhalf jaar voortgesleep het, kan onmoontlik binne die bestek van hierdie studie volledig weergegee word, maar enkele aspekte sal aangestip moet word om gedagterigtinge aan te dui vir sover dit lig werp op tendense wat tot verskerping al dan nie van staatsensuur kan lei. ?

Aanloop tot die saak was 'n berig in The Sunday Times: ⁽²⁹⁾ van 9 September 1962 onder die opskrif: „Verwoerd order: 'Stamp out criticism'." Die tweede hoof het gelui: „Party bosses hold secret talk on Smit revolt.”

Belangrike gedeeltes van die berig het gelui: „The Prime Minister, Dr. Verwoerd, told a private meeting of the Transvaal Nationalist Party Head Committee in Pretoria this week that it was essential to stamp out anti-Bantustan criticisms among the rank-and-file.

„The meeting, held at top-level behind closed doors, was a scheduled meeting of the Head Committee and the opportunity was taken to discuss the Smit revolt and its implications.

„The disclosures I am able to make of what occurred at the meeting confirm the strongly-held view that Dr. Verwoerd and other Nationalist leaders are becoming nervous in the face of rising dissatisfaction among rank-and-file members - particularly farmers - over Bantustans and cost-of-living.....

„Dr. Verwoerd made it clear to the Committee - which includes five Cabinet Ministers - that he would not tolerate internal opposition to the Bantu homelands plan.

„He urged Nationalist leaders to play down the Smits in public so as to avoid magnifying their importance.

„Dr. Verwoerd also told M.P.s that the party could never return to the old 'Baasskap' policy.

„The Government, he said, was now fully committed to Bantustan apartheid.”

In 'n beëdigde verklaring wat aan die Persverwysingsraad voorgelê is, het mnr. Steyl onder meer verklaar: ⁽³⁰⁾ „Die voormelde opskrifte en beweringe in die genoemde berig is van alle waarheid ontbloom; dit gee 'n valse en verdraaide beeld van die Nasionale Party en dit stel die Hoofleier van die Nasionale Party in 'n hoogs ongunstige lig.”

(29) Sunday Times, 9/9/62.

(30) Steyl, J.H., beëdigde verklaring 20/9/62, art. 3.

Mnr. Steyl het vervolgens⁽³¹⁾ beskryf wat wel op die vergadering plaasgevind het. Dit lui: „Dr. Verwoerd (het) in sy hoedanigheid as voorsitter van die hoofbestuur van die Nasionale Party op die betrokke vergadering slegs die lede verwelkom en die vergadering meegedeel dat hy nie die gebruikelike openingsrede by die hoofbestuur sou lewer nie, aangesien hy dieselfde aand die kongres sou open. Dr. Verwoerd het geen toespraak by die vergadering gehou nie en ná afhandeling van die formele werksaamhede het hy die vergadering verlaat..... Die onderwerpe genoem in die voormelde berig van die Sunday Times is ook glad nie by die betrokke vergadering bespreek nie. n Afskrif van die agenda en die notule van die betrokke vergadering van die hoofbestuur van die Nasionale Party word hierby aangeheg.....”

Op 10 September het mnr. Steyl n verklaring aan Die Transvaler gedoen en op 11 September soos volg aan die Sunday Times geskryf:⁽³²⁾ „Ek verwys na u berig op bladsy 3 van 9 September se Sunday Times onder die opskrif: Verwoerd order: Stamp out criticism, asook na n verklaring deur my in Die Transvaler van 10 September oor die aangeleentheid.

„Omdat die opskrif sowel as gedeeltes van die berig van alle waarheid ontbloot is en dit in die openbare belang is dat die feite sonder versuim aan u lesers bekend gestel word, moet ek u dringend versoek, wat ek dan ook hiermee doen, om die hele aangeleentheid ooreenkomstig my verklaring in Die Transvaler, wat hierby aangeheg word, in eerskomende Sondag se Sunday Times met dieselfde prominensie en op dieselfde bladsy as wat u berig geplaas is, reg te stel.”

Mnr. Steyl het die uitslag van hierdie brief in n daarop volgende beëdigde verklaring⁽³³⁾ soos volg opgesom: „Op die 16de dag van September 1962 is n vertaling van my brief.....op bladsy 15 van die Sunday Times gepubliseer onder die opskrif 'Steyl denies Verwoerd ordered criticism ban' met n voetnota deur die Sunday Times wat wesentlik die voormelde onware berig herhaal en bevestig.”

Namens die blad het sy redakteur, mnr. Joel Mervis, op 20 Maart 1963 in n beëdigde verklaring geantwoord:⁽³⁴⁾ „The portion of the report on page 3 of 'The Sunday Times,' September 9, 1962, to which Mr. Jack Steyl has taken exception, was published in the bona fide belief that it was true and correct. The information was supplied independently by three Nationalist Parliamentarians.”

(31) Ibid, art. 4, 5.

(32) Steyl, afskrif brief 11/9/62.

(33) Steyl, J.H., beëdigde verklaring, para. 7.

(34) Mervis, J., beëdigde verklaring, para. 2.

rians, on separate occasions. Far from there being any reason to doubt the accuracy of the information, it gave the inescapable impression of being authentic, having been confirmed separately by three people, each of whom was a person of authority."

Mnr. Steyl is op 22 Maart deur die registrateur van die Persverwysingsraad, mnr. G.G.A. Uys, van die inhoud van die verklaring verwittig.⁽³⁵⁾ Mnr. Steyl se antwoord op mnr. Uys se brief is op 8 April 1963 versend en het o.m. die volgende verklaring⁽³⁶⁾ bevat, nl. dat aangeheg word „(b) Beëdigde verklaring van die betrokke Parlementslede met die uitsondering van dr. H.F. Verwoerd, op wie die berig betrekking gehad het, en mnr. M.C. van Niekerk, L.V., wat uitstedig is en wie se verklaring mettertyd aangestuur sal word, wat die betrokke Hoofbestuursvergadering bygewoon het, en waarin verklaar word dat hulle geen gegewens aan die Sunday Times verstrek het nie, soos deur mnr. J. Mervis beweer word."

Op 17 April 1963⁽³⁷⁾ het die Persverwysingsraad die saak oorweeg en bevind:⁽³⁸⁾ „On the papers and affidavits before it, the Board finds -

- „(1) That ~~Dr.~~ Mr. Verwoerd made no statement or gave no order at the meeting in question as stated in the Sunday Times of the 9th September, 1962.
- „(2) That the Sunday Times was informed by three Nationalist Members of Parliament separately and independently that such a directive was given.
- „(3) That this information was incorrect, but that it was published on the 9th September, 1962, in the bona fide belief that it was true.
- „(4) That on receipt of the complainant's denial that such a directive was given, and seeing that this was first hand and authoritative, the Editor of the Sunday Times should have made further enquiries to see whether there was not a misunderstanding in the matter before publishing the footnote to its report of the 16th September, 1962."

Die aanvaarding deur die Persverwysingsraad van mnr. Mervis se beëdigde verklaring in verband met drie Parlementariërs wat inligting aan die blad sou oorgedra het, het die kwaaieste storm van sy bestaan oor die kop van die Persverwysingsraad ontketen. Op 23 April 1963 het dr. Verwoerd in die Volksraad 'n baie skerp bewoorde aanval⁽³⁹⁾ op sowel die Sunday Times as die Persverwysingsraad

(35) Uys, G.G.A., brief 22/3/63.

(36) Steyl, brief 8/4/63, para. (b).

(37) Uys, brief 18/4/63.

(38) Manuskrip Complaint No. 3/62, p. 3.

(39) Die Transvaler, 24/4/63.

gedoen, die volgende dele waarvan deur Die Transvaler van 24 April aangehaal is:

„Ek wil baie duidelik sê daar is geen koerant wat ek self gevind het wat al soveel absolute onwaarhede in sy nuuskolomme gehad het van tyd tot tyd oor sake waarby ek betrokke was en waarvan ek eerstehandse kennis het as juis die Sunday Times nie.

„Die Sunday Times het herhaaldelik, onder meer in die afgelope jaar, voorbladberigte gehad oor dinge wat ek sou gesê het in gewone vergaderings, soos die koukus van die Party, of soos die Hoofbestuursvergaderings van die Party, wat so totaal onwaar is omdat ek dit òf glad nie gesê het nie òf in sommige gevalle glad nie eens aanwesig was nie.

„Daarom sê ek dat die Sunday Times 'n blad is wat ek nie dink die publiek van Suid-Afrika met enige vertroue kan lees nie; dat hulle iets lees wat die Sunday Times gekonstrueer het op die een of ander manier in plaas van dat dit 'n nuusberig is.

„Ek moet reguit sê ek glo nie dat in hierdie bepaalde geval waar hy aanspraak daarop maak dat hy, onafhanklik van mekaar, van drie Nasionale Parlementslede inligting gekry het oor iets wat glad nie gebeur het nie - ek glo nie vir 'n enkele oomblik dit is waar nie.

„Ek weet nie wat plaasgevind het in die Persverwysingsraad se byeenkoms nie. Ek sou baie graag die notule van die vergadering van die raad wil sien, en ek hoop dat dit beskikbaar sal wees en dat dit beskou sal word as gelykstaande met die verrigtinge in 'n hof en dus beskikbaar gestel sal word.

„Dan sou ek baie graag wou sien of in daardie notule verskyn dat die Sunday Times die name openbaar gemaak het van die drie persone wat aan hom die inligting sou gegee het, en ek sou baie graag wil weet of die Persraad daardie drie persone as getuies ingeroep het om seker te maak dat die Sunday Times die waarheid gepraat het.....

„Ek dink nie die Persraad was geregtig om tot die gevolgtrekking te kom dat daar waarheid sit in die bewering van die Sunday Times dat daar drie verklikkers was wat vir hom die inligting gegee het nie, m.a.w. dat hulle in die posisie gestel word om vandag aan die publiek te sê dat hulle 'n foutiewe berig geplaas het, maar dat die Persraad dit begryp vind, want die Sunday Times is verkeerd ingelig.

„Ek sê as die Persraad beskik het oor die getuienis wie hierdie mense is, en homself oortuig het dat hierdie drie persone dit wel gedoen het, dan was hy geregverdig om dit te sê. Maar as hy dit nie gehad het nie, sê ek hy was nie

geregverdig nie, en dan veroordeel ek daardie uitspraak, want wat doen hy?

„Dit werp agterdog dat daar drie Transvaalse Nasionale Parlementslede kon gewees het wat verklikkers sowel as leuenaars is, want van die 41 wat teenwoor= dig was, het 40 onder eed verklaar dat hulle nie so iets gedoen het nie..... Ek hoop dat, as ek die notule van die Persraad kry, ek òf sal vind dat hy hom= self probeer vergewis het deur sy ondervraging van die drie beskuldigde per= sone òf ek sal bitter teleurgesteld wees as ek moet uitvind dat hy nie die moeite gedoen het om dit te doen nie, en tog hierdie las op persone laat lê het. Dan sal my vertroue in die Persraad so ernstig geskok wees dat ek twyfel of enigeen dit in die toekoms die moeite werd sal ag om weer 'n saak aan hom voor te lê.”

In sy kritiek op die Raad se bevinding het dr. Verwoerd in die besonder op twee ernstige gebreke klem gelê, nl. die versuim (onvermoë?) van die Raad om getuies na behore te ondervra en die afwesigheid van notule wat soos 'n hofver= slag bestudeer kan word. Ook dit het vertroue in die Raad ondermyn. Dit kom ook eienaardig voor dat die Raad aanvaar het dat daar drie informante was son= der dat hul name aan die Raad verstrek is. Dit wek die indruk dat die Raad in hierdie geval met hoorsê-getuienis genoeg geneem het.

Op 28 April het die Sunday Times skerp op die aanval van dr. Verwoerd ge= antwoord. In 'n berig onder die opskrif „Sunday Times refutes Verwoerd attack,” word o.m. verklaar:⁽⁴⁰⁾ „For more than four years the Sunday Times has been receiving information, sometimes frequently, sometimes sporadically, from a certain number of members of the Nationalist Party caucus.”

En verder:⁽⁴¹⁾ „We come now to the recent findings of the Press Board. The Press Board found that our report of what Dr. Verwoerd said at a meeting of the Trans= vaal Head Committee was incorrect, but that the information was supplied to us by three Nationalist Members of Parliament, and that we published the report in the bona fide belief it was true.....At the same time we put this question to Dr. Verwoerd, who is, after all, a worldly-wise man and an experienced poli= tician: Is the Prime Minister aware of any politician in South Africa, or in any other country, who has ever voluntarily admitted to leaking his party's secrets to political opponents? Does Dr. Verwoerd really imagine that any member of his party (or, for that matter, of the United Party or the British Conservative and Labour Parties) would own up to giving away confidential party information?

(40) Sunday Times, 28/4/63, para 4.

(41) Ibid, p. 8 e.v.

„For the record, The SUNDAY TIMES again declares that the Prime Minister's accusation against it is devoid of all truth. We state specifically that the information was supplied to us by three Nationalist Parliamentarians and that the information we in turn supplied to the Press Board was true and correct in every particular."

In die hoofartikel⁽⁴²⁾ van die uitgawe van die Sunday Times van 28 April word die aanval op dr. Verwoerd opgevolg met 'n netjiese pluimpie vir die Persverwysingsraad. Met die oog op wat later in hierdie twis gebeur het, is dit wenslik dat taamlik uitgebreid uit hierdie hoofartikel aangehaal word:

„Dr. Verwoerd's reaction to the Press Board's findings in the Sunday Times case is exactly what one would expect of him. He is the kind of sportsman who always bows to the umpire's ruling - as long as it does not go against him. We have dealt elsewhere with the Prime Minister's scurrilous and unbalanced attack on us. We wish here to protest against his insulting reference to the Press Board and to deplore his extraordinary talent for damaging and for undermining any responsible body which fails to please him. The Press Board was recently established after long and arduous preparation. It consists of a retired Judge, who is held in the highest regard by all sections, and two men (one from the English, the other from the Afrikaans Press) who command the confidence and respect of both sections. The Board is a competent, impartial body, and well equipped to deal with the problems presented to it. The Board's findings in the Sunday Times case were reached after a proper consideration of the matter - it was, after all, precisely for cases of this kind that the Board was called into being. But, because their findings did not please the Prime Minister, he announces that 'they did not discharge their duty in a responsible way, and that their actions were such that, in future, no serious attention could be given to any matter which was submitted to them.' "

Nuwe Klag:

Met die eer en reputasie van haas elke Nasionale L.V. en Senator in die gedrang vanweë die bewering van die Sunday Times dat hy van drie Nasionale Parlementariërs by drie afsonderlike geleenthede inligting verkry het, was 'n teenaanval van die Nasionale Party onvermydelik. 'n Regsmening van adv. J. van Wyk de Vries is sonder meer ingewin. Hy het o.m. bevind:⁽⁴³⁾ „Ek wil dadelik die aandag bepaal by die een faktor wat blykbaar die sleutel tot die saak is. Mer-

(42) Ibid, hoofartikel 28/4/63.

(43) Van Wyk de Vries, J., regsmening 25/4/63, p. 2.

vis het sowel in sy beëdigde verklaring as in sy voetnoot op 16 September 1962 gesê dat die inligting verstrek is deur drie Nasionale Parlementariërs, d.w.s. nie noodwendig Parlementariërs wat die vergadering van die Hoofbestuur bygewoon het nie. Daar was getuienis voor die Persraad dat 40 van die 41 Parlementariërs wat die vergadering bygewoon het, nie die inligting verstrek het nie; die Persraad sou ongetwyfeld aanvaar het dat die 41e, die Eerste Minister, ook nie die inligting verstrek het nie, maar daar was geen getuienis voor die Persraad dat die inligting nie deur ander Nasionale Parlementariërs verstrek was nie.....Die Persraad sou nie hierdie bevinding kon maak het as daar beëdigde verklarings van alle Nasionale Parlementariërs voorgelê was nie."

En verder:⁽⁴⁴⁾ „Die gedagte is uitgespreek dat Mervis strafregtelik vervolg moet word op 'n aanklag van meened; maar in die lig van die omstandighede kan dit ook nie oorweeg word nie."

En eindelijk:⁽⁴⁵⁾ „Dit wil dus blyk dat lastergedinge teen Mervis nie in die lig van al die omstandighede ingestel sal kan word nie."

Op 8 Mei 1963 is die volgende verklaring gevolglik deur mnr. Steyl tot die beskikking van die Sunday Times gestel⁽⁴⁶⁾ (dit is deur alle Nasionale Volksraadslede en Senatore onderteken):

- „1. Dat ons geen verklaring of meedeling soos beweer deur die Sunday Times en bevind deur die Persraad, maak het oor die betrokke Hoofbestuursvergadering van 4 September 1962 aan die Sunday Times of enige van sy verteenwoordigers nie.
- „2. Dat ons geen verklaring of meedeling hoegenaamd in verband met genoemde vergadering aan die Sunday Times of enige van sy verteenwoordigers maak het nie.
- „3. Dat ons enige moontlike afleiding vervat in die verweer van die Sunday Times en in die bevinding van die Persraad, naamlik dat drie van ons inligting uit 'n Hoofbestuursvergadering oorgedra het aan 'n vrye koerant, elkeen ten aansien van homself, sonder voorbehoud verwerp met minagting.
- „4. Dat ons hiermee die Sunday Times uitdaag om die name van sy drie sogenaamde beriggewers openbaar te maak en elkeen van ons individueel verklaar:-

(a) dat ons aan die Sunday Times en sy redakteur toestemming verleen om

(44) Ibid, p. 4.

(45) Ibid, p. 6.

(46) Steyl, brief aan Registrateur van Persverwysingsraad, para. 5.

daardie name te publiseer en

- (b) dat ons geen siviele regsdinge teen die Sunday Times en/of sy redakteur sal instel wanneer die drie name openbaar gemaak word nie."

Die Sunday Times se reaksie op hierdie stap was soos volg:⁽⁴⁷⁾ „Since your letter of May 8 adds nothing new to what has already been widely published, we do not propose to take further steps in the matter."

Die volgende toneel in hierdie gerekte melodrama was op hande. Gewapen met beëdigde verklarings van alle Nasionale Parlementariërs het mnr. Steyl hom weer tot die Registrateur van die Persverwysingsraad gewend⁽⁴⁸⁾ met die versoek dat 'n nuwe geskilpunt ondersoek word, en wel na aanleiding van die verklaring in die Sunday Times dat die inligting „was supplied to us by three Nationalist Parliamentarians."

In die beantwoordende beëdigde verklaring van mnr. Mervis⁽⁴⁹⁾ word o.m. aangevoer dat die saak in werklikheid res judicata is (art. 4, para. 1); dat dr. Verwoerd se aanklagte teen die Sunday Times op 23 April in die Volksraad „are without foundation, but because they were made behind the shelter of Parliamentary privilege, they could not be challenged in the courts" (art. 4(b)).

Belangwekkend is die volgende:⁽⁵⁰⁾ „It is significant that the new affidavits filed by Mr. Steyl do no more than confirm what the Press Board has already found, and what the 'Sunday Times' has already accepted, namely that Dr. Verwoerd did not make a statement on Mr. Fritz Smit and Bantustan criticism to the Head Committee. To the best of our knowledge, neither Mr. Steyl nor any Parliamentarian has denied that Dr. Verwoerd made the statement on another occasion. We believe that our report was correct in quoting what the Prime Minister had said, but that it was wrong in claiming that he said it at a meeting of the Head Committee. We repeat that our reporter had talks with three Nationalist Parliamentarians. We accept that he was mistaken in his reference to the Head Committee."

Dié Mervis-verklaring sowel as 'n verdere beëdigde verklaring van mnr. Steyl is in Augustus 1963 deur die Persverwysingsraad behandel, maar geen uitsluitel is gegee nie omdat die Raad besluit het⁽⁵¹⁾ „om sekere verdere inlig-

(47) Mervis, brief 10/5/63, laaste paragraaf.

(48) Steyl, brief aan Registrateur, 17/5/63.

(49) Mervis, beëdigde verklaring, 19/6/63.

(50) Ibid, para. 4(i), 4(j), 4(k), 4(l) en 4(m).

(51) Uys, brief 27/8/63.

ting van die Redakteur van die Sunday Times aan te vra en sodra ons hierdie inligting ontvang het, sal die Raad weer byeenkom om die saak af te handel."

Die inligting wat die Persraad in sy brief van 27 Augustus 1963 van mnr. Mervis gevra het, het die volgende omvat: ⁽⁵²⁾

„1. Was the information given to you personally? If so, will you please furnish the Board with -

(i) The names of the Parliamentarians concerned;

(ii) Full details of the information conveyed to you by the three Parliamentarians, including the dates and places where the interviews took place;

(iii) The original notes, if any, made by you at the time of the conversation or interview with the three Parliamentarians concerned.

„2. If your affidavit of 20th March, 1963, was based on hearsay, as will appear to be the case from paragraph 4(1) of your affidavit on the 19th June, 1963, will you please state in the affidavit now requested the name of your reporter in question and furnish the Board with an affidavit by him covering the following points:-

(i) Details of the place and date when he spoke to the three Parliamentarians;

(ii) Details of the information supplied or words used by each of the Parliamentarians on the three separate occasions;

(iii) The names of the three Parliamentarians.

„3. In paragraph 4(k) of your affidavit dated 19th June, 1963, you state that your report '.....was wrong in claiming that he (the Prime Minister) said it at a meeting of the Head Committee.' Will you please explain this in more detail and in particular elaborate on how it came about that a mistake was made in regard to the occasion."

Die verdere inligting wat die Persraad van mnr. Mervis gevra het, is in Desember 1963 by wyse van beëdigde verklaring ⁽⁵³⁾ verstrek.

In hierdie verklaring is artt. 8, 9 en 10 van besondere betekenis omdat die stelling wat daarin neergelê word, prinsipieel veel verder as die onderhawige saak strek. Die artikels lui:

„8. In their affidavits, the Parliamentarians ostensibly release us from our duty not to disclose the identity of our informants. They challenge and/or invite us to name the three informants.

(52) Persverwysingsraad, manuskrip van bevinding, 7/2/64.

(53) Mervis, beëdigde verklaring, 12/12/63.

„This challenge-cum-indemnity does not take the matter any further, because we accept as correct the claim by the Parliamentarians that they did not give information about the meeting of the Head Committee. We respectfully cannot agree with the Press Board that the invitation of the Nationalist Parliamentarians either amounts to an indemnity or creates a situation where the principle of non-disclosure does not apply. The invitation and indemnity are clearly provided specifically to exclude meetings or occasions other than 'die be-trokke Hoofbestuursvergadering,' and are therefore limited.

„We abide by the settled principle that a newspaper should not disclose confidential sources of information, and we are accordingly not prepared to disclose the names of our informants.

„9. The Board has asked us to disclose the name of the reporter concerned. We are not prepared to make this disclosure - and for these reasons. We do not think it desirable to make known the name of a reporter who can and does talk freely to members of the Government.

„In addition, we believe that disclosure of the reporter's name might conceivably expose him to violent political attack; and we wish to avoid this.

„10. For the information of the Board we state that the reporter concerned has sworn to an affidavit, which sets his version of the events.

„We have seen the aforesaid affidavit, in which the reporter states on oath that he received the information from three Parliamentarians, who are named.

„The reporter's recollection is that he was told that Dr. Verwoerd's statement was made to the Head Committee; but in view of the denials by the Parliamentarians, we accept that the reporter may well be mistaken on that point."

Mr. Mervis volhard egter in hierdie verklaring⁽⁵⁴⁾ met die stelling dat die Sunday Times se berig in wese korrek was. Hy verklaar: „Information given to me from several sources, including Nationalist sources, (after the Press Board's initial finding), indicated that our report was correct in attributing the remarks to Dr. Verwoerd, but was incorrect in stating that he had made them at a meeting of the Head Committee."

Die finale uitspraak in die saak is bykans anderhalf jaar nadat dit vir die eerste keer aanhangig gemaak is, deur die Persverwysingsraad vrygestel.⁽⁵⁵⁾

Uit hierdie menigte aanklagte, beëdigde verklarings, teenverklarings en ontkenning het die Verwysingsraad uiteindelik tot die volgende samevatting

(54) Ibid, p. 3, art. 11.

(55) Uys, brief 7/2/64.

gekom: (56)

„The Editor, in his affidavit of June 19, 1963, contends that in the leading article of April 21, 1963, he had accepted the Board's findings that Dr. Verwoerd made no such statement at the meeting of the Head Committee of the National Party.

„If he means to convey that he had in that article accepted the Board's finding on this point as correct, and had admitted that the report was erroneous we can find nothing whatever in the leading article to support this contention.

„In his affidavit of the 19th June, 1963, the Editor, as far as we can gather, for the first time admitted that the article was incorrect insofar as it alleged that Dr. Verwoerd issued the order at the Head Committee meeting. He persists, however, in the allegation that such an order was given, but on some other occasion. The question whether Dr. Verwoerd gave this 'order' on another occasion is of course not before us.

„In his affidavit of the 12th December, 1963, which he furnished at our request the Editor repeats the admission and states that he is taking steps to have a correction published. This correction appeared in the Sunday Times of December 15, 1963.”

Die Raad se bevinding⁽⁵⁷⁾ het ongunstig vir die redakteur van die Sunday Times uitgeval. In die eerste van vier gevolgtrekkings word verklaar dat die Redakteur voor 28 April 1963, toe hy die artikel gepubliseer het wat tot die onderhawige aanklag gelei het, moes geweet het dat die inligting foutief is; en dat, indien hy dit nie geweet het nie, dit sy plig was om ingevolge die bepalinge van art. 2(c) van die Gedragskode die korrektheid van sy inligting te gekontroleer het voordat hy die artikel van 28 April 1963 gepubliseer het.

Art. 2 van die bevinding lui: „On his own admission he knew on June 19, 1963, at the latest, that the report was incorrect. He should have published a correction in the first issue of his paper after he became aware of the error and should not have delayed until December 15, 1963. By this delay he failed in his duty to his readers, to the complainant and to the deponents.”

Die Raad het verder bevind⁽⁵⁸⁾ dat die Redakteur geen regverdiging gehad het om aan te neem dat die Raad moes geweet het dat sy beëdigde verklaring

(56) Persverwysingsraad, bevinding soos volledig gepubliseer in Sunday Times, 9/2/64, p. 6.

(57) Ibid, p. 7.

(58) Ibid, art. 3.

van 20 Maart 1963 op hoorsê berus het nie en⁽⁵⁹⁾ dat die respondent se bewering dat die onderhawige klag res judicata is, nie gehandhaaf kan word nie.

Die Sunday Times van 9 Februarie 1964 het onder die opskrifte „Press Board Raps Sunday Times Editor; Sunday Times Editor Raps Press Board; Findings in Nat. Dispute Rebutted Point by Point” baie skerp op die ongunstige bevinding gereageer. Onder die besware teen die bevinding - vir sover dit die eintlike en oorspronklike oogmerke van mnr. Steyl se aanklagte betref het - het die Sunday Times dit veral gehad oor die feit dat die Persraad die vraag sou omseil het of dr. Verwoerd gelyk gehad het toe hy verklaar het dat die Sunday Times die oorspronklike berig uit die duim gesuig het. Die Redakteur sluit sy aanval op die Persraad met dieselfde woorde as dr. Verwoerd vroeër in die Parlement af. Hy sê:⁽⁶⁰⁾

„This is what the Editor of the Sunday Times says about the Press Board, on February 9, 1964, after it had given judgement in favour of Dr. Verwoerd:

„I do not know what happened at the meeting of the Press Board and what induced them to arrive at their finding.

„I should very much like to see the minutes of the meeting of the Press Board, because this hearing can be regarded as the equivalent to the proceedings in a public court.....

„Confidence in the Press Board will then be shocked so seriously that I doubt whether anyone will consider it worthwhile in future to submit a case to it again.”

Geen ander gevolgtrekking is moontlik nie as dat die hele verloop van die Sunday Times-saak ernstige twyfel oor die waarde van die Perskode laat ontstaan en die aansien van die Persverwysingsraad ernstig geskaad het, en wel na weerskante. Dit het die agterdog wat uit die staanspoor by deel van die pers bestaan het, klaarblyklik gevoed, soos blyk uit die skampere artikel van mnr. Joel Mervis.

Aan die ander kant het die aanvanklike huiwerende optrede van die Raad teenoor die Sunday Times in politieke kringe 'n baie onaangename smaak gelaat, waarvan die toespraak van dr. Verwoerd in die Volksraad afdoende bewys is.

Die hantering van die saak het nêrens vertrouwe gewek nie. Die geredelikheid waarmee die eerste verklaringe van die Sunday Times in verband met sy informante aanvaar is, dui op byna-liggelowigheid. Ernstiger is egter die

Goiee konklusie

(59) Ibid, art. 4.

(60) Sunday Times, 9/2/64.

onvermoë van die Raad om getuies soos in 'n hofgeding te dagvaar en aan deur-
tastende ondervraging te onderwerp, terwyl die geredelikheid waarmee noodsaak-
like getuienis geweier kan word, ontstellend is. Daarby kom die afwesigheid
van notule oor die verrigtinge - waarteen sowel dr. Verwoerd as mnr. Mervis
kapsie gemaak het. Die geheelindruk wat geskep is, is dat die Raad tog nie
werklik by magte is om in netelige politieke sake in te gryp nie.

Vir sover dit die instelling van perssensuur deur die staat betref, het dit
die posisie van daardie joernaliste wat meen dat die Gedragskode en Persver-
wysingsraad staatsensuur onnodig maak, nie in hul standpunt gesteun nie. Daar-
voor was die optrede van die Raad aanvanklik te swak.

Aan die ander kant moet aanvaar word dat die verloop van die geskil die
voorstanders van staatsensuur sonder twyfel in hul oortuiging moes gesterk
het. Ten aanskoue van die hele land is die Raad van twee kante in die open-
baar kwaai betig: deur die Eerste Minister en deur die vermaamste aangeklaag-
de. Kortom, die Raad het met min aansien uit die stryd getree. Soos in Hoof-
stuk VII aangetoon sal word, is wetgewing met strengere sensuurbepalings dan
ook daarna by verskeie geleenthede deur die Parlement goedgekeur, wat daarop
skyn te dui dat by die owerheid weinig vertroue in die Pers se eie sensuur-
plan oorgebly het. Die tendens tot verskerpte staatsensuur is deur hierdie
saak versterk.

Ten einde die bespreking van die Persverwysingsraad se grondwet en die
aanvaarde Gedragskode makliker verstaanbaar te maak, word albei dokumente as
bylaes afgedruk.

Inherente Tekortkominge:

In sy voorrede tot die Eerste Periodieke Verslag lê regter De Villiers
die vinger op dié swak plek in die joernalistiek, nie alleen in Suid-Afrika
nie, maar wêreldwyd. Hy sê: „Joernalistiek het in 'n beroep ontwikkel wat wyd
beoefen word, maar, alhoewel joernaliste om hul eie belange te beskerm ver-
enigings geskep het, is daar geen beheer oor die toelating tot die beroep of
oor die gedrag van sy lede soos in die meeste ander vrye beroepe nie.”⁽⁶¹⁾

Nadat hy die medisyne en die regte as beroepe genoem het wat deur voorgeskre-
we gedragskodes beheer word, die skending waarvan swaar gestraf word, gaan
regter De Villiers voort:⁽⁶²⁾ „Geen sodanige beheer oor die toelating of die
uitoefening van die beroep van joernalistiek bestaan in enige plek in die wê-
reld waarvan ek weet nie. Dit was moontlik in groot mate toe te skrywe aan

(61) Eerste Periodieke Verslag, p. 9.

(62) Ibid.

hierdie gebrek aan dissiplinêre toesig dat daar regverdiging ontstaan het vir die beskuldiging dat seksies van die Pers objektiewe waarheid en juistheid prysgegee het vir sensasiebejag; en dat daarop aangedring is dat die Pers onderworpe moet wees aan wetgewende beheer."

Regter De Villiers kon gerus hieraan toegevoeg het dat daar in Suid-Afrika, soos trouens in verreweg die meeste lande van die wêreld, deur die Pers self weinig voorsiening vir die opleiding van joernaliste, behalwe in die praktiese vaardighede van die beroep, gemaak word. Daar is geen gestandaardiseerde keuring vooraf en geen opvoedkundige vereistes word gestel nie, hoewel sommige koerant- en tydskrifuitgewers en radiodienste liefers mense met 'n universiteitsgraad aanstel. By regter De Villiers se bedenkinge kom dus die feit dat die gebrek aan toesighoudende dissipline boonop mense geld wat nie professioneel geskool is voordat hulle tot die beroep toegetree het nie. As regter De Villiers hierdie feit in gedagte gehou het, sou hy hom miskien sterker uitgespreek het as „die houding van die Society of Journalists word betreur. Daar is niks in die Kode wat enige ware en waardige joernalis nie kan onderskryf nie.”⁽⁶³⁾

Oor die motiewe van die Joernalistevereniging wat geweier het om enigiets met die Persverwysingsraad te doen te hê of om die regsbevoegdheid van die Raad te erken, en hierdie weiering skriftelik aan al die lede van die Raad ten tyde sy tweede vergadering oorgedra het,⁽⁶⁴⁾ volg later naders opmerkings.

Regter De Villiers se stelling dat,⁽⁶⁵⁾ „indien staatsensuur oor die Pers verhoed wil (moet) word, is dit noodsaaklik dat die Pers homself vrywillig dissiplineer,” is histories,⁽⁶⁶⁾ prinsipiëel en prakties juis. In Denemarke het so 'n „teregwysingsraad” reeds in 1938 tot stand gekom en die British General Council of the Press in 1953. Oudste van almal is die Noorse Persverwysingsraad wat reeds in 1930 in werking gekom het. Histories word sy standpunt gesteun, weliswaar negatief, deur die feit dat persvryheid nêrens in die wêreld bedreig word of bedreig is waar 'n vrywillige tugraad bestaan nie. Wyle lord Birkett het trouens in die negende jaarverslag van die British General Council verklaar:⁽⁶⁷⁾ „The Press Council is doing admirable work in ventilating grievances and in administering reproof where the facts investigated warrant it, but I am sure that the wise policy for the Press to pursue is not to agitate for greater

(63) Ibid, p. 13.

(64) Ibid, p. 12, 13.

(65) Ibid, p. 11.

(66) Ibid, p. 10.

(67) Ibid, p. 11.

powers for the Press Council, but to make it a point of honour for the Press voluntarily to conform to the standards of conduct which the majority of the profession already follow."

Prinsipieel is geen fout te vind met die Regter se standpunt (wat trouens die Calvinistiese standpunt is) dat die hoogste mate van vryheid binne die regsorde van 'n samelewing te vind is nie. „In my youth I stressed freedom, and in my old age I stress order. I have made the great discovery that liberty is a product of order," skryf Will Durant.⁽⁶⁸⁾

Histories het nog altyd geblyk dat 'n weiering om gesag vrywillig te aanvaar, onvermydelik tot gedwonge aanvaarding lei. Die nihilisme⁽⁶⁹⁾ van die oer-Kommuniste moes noodwendig plek maak vir die absolute diktatuur van die Stalinbewind.

Die feit kan nie weggeredeneer word ~~nie~~ dat die afwysende houding van die teenstanders van die Perskode juis die hande ~~sterk~~ ^{sterk} van die voorstanders van staatsensuur ~~nie~~. As daar persgebreke is - en die bestaan van gebreke kan nie ontken word nie - kan 'n saak vir staatsensuur uitgemaak word indien die Pers self nie maatreëls kan of wil tref wat werklik toereikend is nie.

Aard van Gedragskode:

Die Gedragskode bevat slegs enkele artikels wat in mindere of meerdere mate van die tans sowat internasionaal aanvaarde resep vir hierdie soort kodes afwyk. Een daarvan is art. 3(d) wat reeds bespreek is. Regter De Villiers toon verder aan dat die Suid-Afrikaanse kode niks bevat wat joernaliste verplig om professionele geheimhouding te handhaaf met betrekking tot die bron van inligting wat vertroulik verkry is nie.⁽⁷⁰⁾ Die Suid-Afrikaanse reg beskerm regspraktisyns⁽⁷¹⁾ in hierdie verband, maar niemand anders nie, beslis nie joernaliste nie. Dit is in Suid-Afrika trouens gevestigde gebruik om joernaliste wat nie in hofsake wil getuig nie, tronkstraf op te lê.⁽⁷²⁾ So 'n bepaling in die Gedragskode sou dus onvermydelik tot 'n openlike botsing tussen die Pers en die Parlement gelei het.

(68) Reader's Digest, Mei 1966, p. 18.

(69) Omskryf as „a rebellious attitude of mind, a new type of uncompromising, irrational individualism which indiscriminately rejected all established authorities, whether religious, political or moral" - Collier's Encyclopedia, Band 17, p. 550, kol. 1.

(70) Eerste Periodieke Verslag, p. 11.

(71) Art. 232 van Strafproseswet (56 van 1955).

(72) Volledig bespreek in Hoofstuk VII.

Die Grondwet en Gedragskode is in nog twee opsigte ontoereikend. Reeds uit die eerste openbare bekendstelling van die voorneme om 'n Gedragskode en Verwysingsraad in te stel, het geblyk dat onderskrywing daarvan bloot vrywillig is en dat afdwinging beperk bly tot vrywillige ondertekenaars vir so lank as wat hulle hul lidmaatskap behou.⁽⁷³⁾ In die praktyk het dit dan ook tot die skepping van twee groepe koerantmense in die land gelei, dié wat die Gedragskode onderteken het, en dié wat geweier het om dit te doen. Dit is 'n kardinale afwyking van ander gedragskodes vir behoorlik geordende beroepe bv. die medici, regspraktisyns, rekenmeesters, aptekers ens. Dit kan as onbetwisbare stelling neergelê word dat, indien 'n eie gedragskode vir 'n beroep moet slaag, elke lid van daardie beroep tot gehoorsaamheid aan daardie kode verplig moet wees.

Art. 3(e) van die Grondwet verswak voorts die toepassing van die Pers se eie kode in hoë mate. Dit lui:⁽⁷⁴⁾ „Die Raad oorweeg geen vertoë betreffende enige saak wat behoorlik kragtens wet gehanteer kan word nie.” Regter De Villiers se bedenkinge oor hierdie artikel lui soos volg:⁽⁷⁵⁾ „Ek is onseker oor die wysheid van hierdie bepaling, altans in soverre dit laster aangaan. Die meerderheid van eisers in 'n lastersaak is hoofsaaklik begaan om hulle name en reputasies in ere te herstel. Die skadevergoeding, behalwe waar die laster geldelike skade teweeggebring het, is 'n ondergeskikte oorweging. Regsonkoste, veral in die Hooggeregshof, en die ‚salige onsekerheid van die wet’ maak 'n hofgeding verbiedend vir die meerderheid van burgers wat verontreg voel oor wat hulle beskou 'n lasterlike aanval op hul karakters te wees. Boonop sal dit nie altyd maklik wees om te bepaal of 'n besondere klag teen gepubliseerde stof ‚behoorlik kragtens die wet gehanteer kan word nie.’ Ek stel voor vir oorweging deur die Persunie dat hierdie bepaling òf geskrap òf so gewysig word om 'n gedaagde koerant die reg te gee om beswaar te maak daarteen dat die saak deur die Raad verhoor word op grond dat dit behoorlik (of meer behoorlik) in 'n geregshof voortgesit kan word. Die respondent sou moontlik uitpraak deur die Persraad, wat geen skadevergoeding of gedingkoste meebring nie, verkies bo die risiko van 'n hofgeding.”

Samevatting:

In die slothoofstuk word die probleme wat met interne sensuur ondervind word, prinsipieel nader bespreek. In hierdie stadium kan derhalwe volstaan word met die afleiding dat geen beduidende vordering dusver met vrywillige

(73) Grondwet, art. 6.

(74) Ibid, art. 3 (2).

(75) Eerste Periodieke Verslag, p. 11, 12.

sensuur, o.m. in belang van die staatsveiligheid, gemaak is nie. Die tendens - veral sedert die Sunday Times-saak - is duidelik: sowel pers as politici het skynbaar vertroue in die doeltreffendheid van die Persverwysingsraad, soos tans saamgestel, verloor. Dit verklaar moontlik ook die verskynsel dat al hoe minder beroepe sedert die Sunday Times-saak op die Persverwysingsraad gedoen is om teen koerante op te tree.

Wat meer is: in die Sunday Times-saak was daar geen sprake dat die staatsveiligheid enigsins in die gedrang gekom het nie. Dit het om 'n gewone politieke berig gegaan. 'n Voorstander van staatsensuur in belang van die staatsveiligheid kan gevolglik moeilik verkwalik word as hy redeneer dat, as die Persverwysingsraad nie in staat is om doeltreffend met betrekking tot 'n gewone politieke berig op te tree nie, hy ook nie in staat sal wees om die staatsveiligheid doelmatig te verseker nie. Kortom: niks het sedert die stigting van die Persverwysingsraad gebeur wat die voorstanders van staatsensuur kon oortuig dat hul vrees vir die plasing van onverantwoordelike en staatskadelike berigte en kommentare in die openbare pers behoorlik uit die weg geruim is nie.

Hierby word nie te kenne gegee dat die personeel van die Persverwysingsraad onbevoeg is om hul opdrag uit te voer nie. Dit beteken egter wel dat die instrument wat tot die beskikking van die lede van die Persverwysingsraad gestel is, ontoereikend is. In die hierbo aangehaalde versigtig bewoorde kritiek van regter De Villiers op die bepalinge van die Gedragskode en die Grondwet kan trouens 'n beroep op die NPU ingelees word om die hande van die Persverwysingsraad sodanig te sterk dat die Raad werklik betekenisvol kan optree.